

18 April

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-11

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:5-8

### Het Hy regtig opgestaan?

Na sy opstanding het Hy het aan mense in verskillende kringe verskyn:

- *Hy verskyn in die kring van die dissipels.* Hulle was die amptelike oog-en-oor-getuies wat die boodskap die wêreld moet indra.
- *Hy verskyn in die kring van 'n groter groep gelowiges:* Êrens is meer as 500 mense bymekaar. Christene in die amp van gelowige moet ook weet dat hulle Here leef!
- *Hy verskyn in die kring van sy familie:* Dit is aangrypend dat Hy verskyn aan sy broer Jakobus, wat eers gesukkel het om te glo. Uiteindelik wag Maria en sy broers saam op die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 1:14). Die gesin is belangrik. Daar moet ons weet dat Hy leef!
- *Hy dring die kring van sy vyande binne:* Jesus oortuig sy grootste vyand, Paulus. Hierdie vervolger van die Christene word die grootste getuie van hierdie heerlike waarheid dat Christus opgestaan het.

Uit ál die kringe kom die boodskap: Jesus het regtig opgestaan. Jy kan daarvan heeltemal seker wees!

*Sing: Psalm 87:4, 5 (JDdT)*

*Ds. Chris Hattingh (Randburg)*